KALF GROOTMAAK

Epol®

DIE PERFEKTE BALANS

A18044 RCL FOODS Calf Brochure A5 AFR DPS.indd 1 6/11/18 3:58 PM

’N GOEIE BEGIN MAAK SAAK

Die toekoms van jou suiwelkudde word bepaal deur die prestasie van jou kalwers. Met Epol se kalfreeks is jy van goeie prestasie verseker.

KALF GROOTMAAK DOELWITTE:

- Rumenontwikkeling
- Kalfgesondheid en minimale mortaliteit
- Vers uitgroei vir maksimale produksiepotensiaal
- Optimale voeromset
- Vrugbaarheid
- Optimale inname en verteerbaarheid

OPSOMMING:

PRODUK	VOERPERIODE	VOEDINGSPEIL
CALF STARTER	Dag 3 tot 7 dae na speen	*Ad lib*
MEGACALF	7 dae na speen tot 8 maande	*Ad lib*
FUTURE COW	8 maande tot eerste kalwing	2 – 4 kg/dag

VOEROMSETDOELTREFFENDHEID



Voeromsetdoeltreffendheid neem drasties af vanaf geboorte tot volwassenheid. Die mees ekonomiese tyd om te voer, is so vroeg as moontlik.

A18044 RCL FOODS Calf Brochure A5 AFR DPS.indd 2-3 6/11/18 3:58 PM

CALF STARTER V403, 18% RP, NPN VRY.

- Pasgebore kalwers moet binne 6 uur na geboorte, 2 - 4 liter kolostrum inneem.
- Voer vanaf drie dae na geboorte tot een week na speen, **Calf Starter** *ad lib.*
- Huisves kalwers in aparte hokkies en voer daagliks vars voer.
- Vars melk of melkvervanger (gesamentlike volume gelykstaande aan 10% van geboortemassa) moet ten minste twee maal per dag aan kalwers gegee word.
- Maksimale inname van 'n hoë stysel-kragvoer versnel rumenontwikkeling.
- Kalwers kan gespeen word sodra inname van kragvoer 750 gram – 1 kg per dag oorskry vir drie agtereenvolgende dae.

MEGACALF V20282, 18% RP.

- In hierdie fase kan kalwers in klein kampies in groepe van 10 uitgeplaas word.
- Voer **Megacalf** *ad lib* vanaf een week na speen tot op agt maande.
- Goeie kwaliteit vars lusern/weiding moet ten alle tye beskikbaar wees.
- Gebruik die grafiek op bladsy 6 om groei in hierdie fase te monitor.

A18044 RCL FOODS Calf Brochure A5 AFR DPS.indd 4 5

6/11/18 3:58 PM

FUTURE COW V20281, 17% RP.

- Voer vanaf agt maande, 2 – 4 kg per dag as byvoeding vir verse op goeie kwaliteit weiding.
- As geen weiding beskikbaar is nie, kan ’n volvoer gemeng word. Raadpleeg jou naaste Epol Voedingskundige vir ’n gebalanseerde volvoerrantsoen.
- Teikenmassa van Jersey-verse teen 13 maande moet ± 240 kg wees en ± 350 kg vir Holsteins.
- Sien grafiek op bladsy 6 vir teiken skofhoogtes.
- Uitermatige vinnige groei weens ’n oormaat energie in hierdie fase moet vermy word. Dit lei tot vetneerlegging in die uier wat toekomstige melkproduksie kan benadeel.
- Verse bereik puberteit op 45-50% van volwasse liggaamsmassa.
- Kunsmatige inseminasie (KI) of dekking moet op 55% van volwasse liggaamsmassa geskied.
- Verse moet gelydelik toeneem in massa om te verseker dat kalwing op 85% van volwasse liggaamsmassa plaasvind.
- Uitgroei- en produksievermoëns word permanent benadeel indien verse kalf voordat die ideale liggaamsmassa bereik word.

MEET EN WEEG VERSE MAANDELIKS EN MAAK DIE NODIGE VOEDING-/BESTUURSAANPASSING OM TE VERSEKER DAT DIE IDEALE GROEIKURWE BEREIK WORD.

Liggaamsmassa teenoor ouderdom vir Jersey- en Holsteinverse



Skofhoogte teenoor ouderdom vir Jersey- en Holsteinverse



A18044 RCL FOODS Calf Brochure A5 AFR DPS.indd 6-7 6/11/18 3:58 PM

A18044

EPOL Berlin
Posbus 17, Berlin, Suid-Afrika, 5660
Tel: +27(0)43 685-2111 Faks: +27(0)43 685-2114
www.epol.co.za

EPOL Pietermaritzburg
Posbus 1299, Pietermaritzburg, Suid-Afrika, 3200
Tel: +27(0)33 387-2460 Faks: +27(0)33 387-4779
www.epol.co.za

EPOL Pretoria-Wes
Posbus 19096, Pretoria-Wes, Suid-Afrika, 0117
Tel: +27(0)12 386-0469 Faks: +27(0)12 386-2147
www.epol.co.za

EPOL Rustenburg
Posbus 82318, Rustenburg, Suid-Afrika, 0300
Tel: +27(0)14 538-2832 Faks: +27(0)14 538-1865
www.epol.co.za

EPOL Worcester
Posbus 105, Worcester, Suid-Afrika, 6850
Tel: +27(0)23 346-6400 Faks: +27(0)23 346-6464
www.epol.co.za

EPOL PIETERMARITZBURG VERPAKKINGSDEPOT
Willowtonweg 17, Pietermaritzburg, Suid-Afrika, 3200
Tel: +27(0)33 387-2460 Faks: +27(0)33 387-4779
www.epol.co.za

www.rclfoods.com
RCL FOODS HOOFKANTOOR, TIEN THE BOULEVARD,
WESTWAY KANTOORPARK, WESTVILLE, 3629
POSBUS 2734, WESTWAY KANTOORPARK, 3635
REG NO 1966/004972/06

Mei 2018

A18044 RCL FOODS Calf Brochure A5 AFR DPS.indd 8 6/11/18 3:58 PM